Ps. 66:1, 7.
Ps. 144: 4, 5.
Ges. 125: 5

**Dankbaarheid: Wat dit Bewerk.**

Ps. 116

Potch. Dfjees
8 Sept. 1957.

Ps. 116: 12 — Wat sal ek die Here vergeld vir al sy weldade aan my?

Ons teks begin m. 'n vraag — ons wil met 2 vrae begin:

(1) Wat dra ons v/m met ons saam d. Kerk in? Ek bedoel nie in geld of goed nie, maar in gedagtes, wense begeertes. Laat ons 'n oomblik ons verbeel dat alles wat ons v/m as gedagtes die Kerk ingebring het skielik vorm sou kry — wat sal ons alles sien? Een persoon met sy tuelie-oes, nuwe kar, voetbal of gholfstok, troumok, bankoortrekking ens.!

(2) Die v. is: Is dit wat G verlang? Indien nie, wat moet ons dan saambring? Wat soek G v/m en elke ander môre by ons as ons opgaan na en saamkom in Sy huis? Eintlik soek G net een saak: 'n dankbare hart. Maar dan moet ons meet-en hd. 2 vrae stel ons v/m aan u: Hoe lyk 'n dankbare hart? En: Wat doen 'n dankbare hart?

I Hoe lyk 'n dankbare hart? wat sy voorkoms? Net soos die X-straalplaat d. mens se onsigbare hgg. dele blootlê, so lê God in sy Wd. ~~[illegible]~~ d. X-straalplaat bloot van hoe 'n dankbare hart daaruit sien. Dit leer ons sien dat 'n dankbare hart is 'n hart wat:

a) Juig oor sy verlossing: Ons Heid. Kateg. leer ons dat ware dankbaarheid 'n vrug is van ons verlossing uit sonde. Ons eie lewe bevestig ook hd. waarheid dat 'n mens eers dan werklik dankbaar begin word wanneer jy ontdek het wat dit God gekos het om sy Seun na hd. wêreld te stuur; wat dit Xtus gekos het om ons verlossing te bewerk. 'n Mens kan jouself net dit vra: ~~Ver~~-
② Veronderstel Xtus het nooit na d. wêreld gekom nie;
① Veronderstel daar was nie so iets as 'n Bybel, met sy unieke boodsk. van ewige lewe, v. geloof, van godd. liefde, v. redd. genade — watter hoop en watter lig was daar dan vir ons?

Is ons werklik dankbaar vir hdl. verlossing? Braam ons Paulus se woorde van 2 Kor. 9:15 — „Maar God sy dank vir sy onuitspreeklike gawe"? Besef ons genoeg: al d. aardse rykdomme sonder verlossing = diepste armoede? En: Verlossing al is ons diep armoedig = grootste rykdom?

b) Vertel van Seëninge: God d. Here oorlaai ons elke dag met d. wonderlikste seëninge & gunstige op alle gebiede. Sommige geniet, ja dis waar, meer voorregte as ander, maar niemand word deur God oorgeslaan nie: almal van ons ontvang baie meer as wat ons kan waardeer of gebruik.

Die vr. van belang is egter nie: hoeveel seëninge & voorregte geniet ek nie, maar hoeveel sien ek raak? Hoeveel erken ek, van hoeveel getuig ek? Is my hart 'n hart wat spontaan en opgewek kan uiting gee aan al Gods goedheid vir my? Wil ek uitjubel & uitsing die vr. v. Ps. 116: „Wat sal ek d. Here vergeld vir al sy weldade aan my?" Sien ander dit in my handeling? Lees hulle dit in my oë? Hoor hulle dit in my gesprekke? Wys d. X-straal dat ek so 'n hart besit?

c) Dank vir Beproewinge: In Efese 5:19 en 20 sê Paulus 'n baie snaakse ding: „en sing & psalmsing in julle hart tot eer van die Here, terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse H.J. Xtus" Dit beteken dus in kort dat ek God nie alleen sal dank vir voorspoed mr. ook vir teenspoed, vir gesondhd mr. ook vir krankhd, vir seëninge mr. ook vir smarte. Mr. is dit moontlik? Is dit nie te veel gevra nie? Kan 'n mens ooit bly wees oor beproewinge, oor terugslae, oor teleurstellings? Ja, 'n mens kan. Die X-straalplaat v.d. hd. wys ons 'n hart aan wat beproewinge aanvaar as bedekte seëninge, wat kan uitroep: „Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Xtus" Eers wanneer ons geleer het om ook te dank vir al ons beproewinge — eers dan word d. beker v. dankseggings vol!

Lyk d. hart [illegible] 'n uur na hd. Godshuis gekom het so? Kan u sê: Ps. 116:3,4?

II Wat doen 'n dankbare hart: Die psalmdigter vra self die vraag — en beantwoord dit ook as hy [illegible] wys dat 'n dankbare mensehart die volgende doen: 'n Dankbare hart (vs. 13)

a) Neem die beker van verlossinge op: By Israel was d. gebruik om as deel v. hulle godsd. seremonies 'n drankoffer aan te bied uit dankbhd vir seëninge ontvang = 'n heildronk tot eer van God. Die „opneem" v.d. beker beteken oplig. Dus: 'n dankbare mensehart druk dd. dankbhd altyd uit nie 'n simboliese daad nie erken word: uit al hd. benoudhede het God my verlos. Dank God dat u d. gebed verhoor, dat u ons van versoeking bewaar, dat u geloof skenk, dat u vertroosting vermenigvuldig word!

→ Wat is daar nou in u beker?

b) Roep d. naam v.d. Here aan: (vs. 13) Hoe natuurlik & vanselfsprekend is dit dat as iemand werklik diep, opreg, innig dankbaar is dan soek jy Gods aangesig, dan roep jy Sy Naam aan, dan wil jy God loof. Nie nodig dat iemand jou aanpor of dwing of forseer — dit vloei spontaan en warm en onkeerbaar uit jou hart!! Dan wil die mens wat so veel [ontvang] dit uitsing — vanself vloei sy dankbaarheid oor in 'n dankgebed. Voor so 'n persoon kan kyk is hy op sy knieë, neem hy d. naam v.d. Here op sy lippe nie as vloekwoord, nie as gewoontewoord, maar as wonderwoord! Doen dan wat d. Heb. skrywer vra — nie as plig nie maar as plesier: „Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely"

3.) Betaal sy geloftes volgens Gods eis:
Maar die hart wat werklik eg dankbaar is met 'n egtheid soos van goud, die bekroon dd. dankbaarheid met 'n ganse daad: „my geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk" (vs. 14)

Hd. offerdaad is 'n vrywillige spontane daad v. dankbaarheid – en tog is dit ook 'n uitvoering van Gods bevel wat in Ps. 50:14 hierdie: „Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste". Vir d. Israeliet het dit betekenis gehad: van ouds het dit net een betekenis gehad: om op d. groot feesdag saam met Gods volk op te trek na d. tempel om daar m. d. feesvierende menigte sy dankoffer aan God te bring. Dwarsdeur d. eeue het d. kinders van God dan ook hd. gesônde gebruik gehandhaaf omdat God dit eis, omdat Gods Koninkryk uitgebrei word en omdat sy Kerk dd. gebou word!

En d. hart wat waarlik dankbaar is sal nie bloot redeneer, twyfel – nee: spontaan, bly, vreugdevol (oorlopens toe) sal so 'n hart Gods eis gehoorsaam en sê: ek wil doen wat God vra: „my geloftes aan d. Here betaal i/d teenwoordigheid van sy ganse volk" (Taekkein)

→ Die pers. offerande in Gods huis van baie meer waarde as d. onpersoonl. offerande gegee aan diakens in eie huis!